**SATERDAG 7 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: SPREUKE 27:5-10; JOHANNES 15:13-17**
**FOKUSGEDEELTE: SPREUKE 27:9**

## Aristarchus – Vreugde in vriendskap

Ware vriendskap is ’n gawe van God waarin ’n mens vreugde kan vind. Die skrywer van Spreuke vergelyk dit met die geur van wierook en reukolie. Tydens die feeste wat Israel in die Ou Testament gevier het, is wierook en reukolie gewoonlik gebrand om die vreugde van die fees na vore te bring. Dit was dan ook die reuk wat in die heiligdom van God, waar daar altyd wierook gebrand is, gehang het.

Ware vriendskap verbind ons ook aan God deur die Heilige Gees. Die Here self noem Abraham en Moses sy vriende, maar ook vriendskap tussen mense is ’n gawe van God.

So vind ons vir Aristarchus (voortreflike heerser) wat ’n ware vriend van Paulus was (Hand. 19:29; 20:4; 27:2; Kol.4:10). Hy moes homself waarskynlik as ’n slaaf van Paulus voorhou om Paulus se laaste reis na Rome mee te maak. Dit het egter nie daar gestop nie, hy was ook vrywillige gevangene om Paulus in sy verhoorafwagting in Rome by te staan.

So stuur die Here vriende op ons pad om ons by te staan, te bemoedig, soms tereg te wys. Ja, ware vriendskap kan ook seermaak, maar vriende wat teregwys, is beter as vriende met oordadige soene.

Vriendskap vra openheid en opregtheid sonder opdringerigheid. Vriendskap vra respek en nederigheid. Ook hierin het Christus ons voorgegaan. Kort nadat Hy sy dissipels se voete in nederigheid gewas het, spreek Hy die woorde van vriendskap in Johannes 15:13-17 wat vooraf gelees is.

Voorwaar, ons is Christus se vriende, want Hy het ook aan ons alles openbaar wat Hy van sy Vader gehoor het. Jesus is ons Here en in Hom vind ons vrienskap ware vreugde.

*Sing: Psalm 119:22 (1936)*

*Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)*